21 Gebede

Huiskerk
Quellerina Gemeente

# Paulus se gebed

## Kolossense 1:9-23

*Hierdie gebed help ons om die behoeftes van die kerk in die breë en die gemeentes in die kleinere raak te sien.*

*Paulus is begaan oor die aard en inhoud van die Christelike lewe. Godsdiens is 'n lewenswyse - dit is om van in, by, en deur Jesus te wees.*

*Om tot God te bid in die naam van Jesus is om lewe oop te stel vir God se kreatiewe en vernuwende Gees wat elke mens kan verander. (Bybel 24/7)*

*Lees die teks stadig deur. Lees dit hardop indien moontlik.*

*Hoe pas die gebed by jou lewe in?*

*Watse emosies kom na vore as jy die gebed lees?*

*Bid hierdie teksgedeelte..*

Huiskerk
Quellerina Gemeente

21 Gebede

# Paulus se gebed

Lees Kolossense 1:9-14
1) Wat is God se wil en hoe kan ons dit leer ken? (v9)

2) Hoekom is dit belangrik om in alle omstandighede geduldig te volhard? (11)

Vra die Here vir wysheid en insig van die Gees.

Lees Kolossense 1:15-20
1) Wat beteken dit dat God alles deur Christus geskep het? (v16)

2) Wat beteken dit volgens jou dat Christus die hoof is? (1v8)

Loof God omdat Hy ons deur Christus met Homself versoen het.

21 Movies

Huiskerk

Quellerina Gemeente

# Seabiscut

## Nehemia 1:1-11

*Nehemia was medeverantwoordelik vir die heropbou van Jerusalem na die Babeloniese ballingskap. Anders as ander Israeliete wat belangrike poste in Babilonië gehad het, was hy "die koning se skinker" (v11).*

*Met net 'n gebed op sy lippe en 'n brandende passie vir sy volksgenote in sy hart nader hy die koning om hom terug te stuur om Jerusalem te herbou.*

*Soos Nehemia, was Seabiscut ook die onwaarskynlike held. Afgesien van die feit dat hyas "onafrigbaar" beskou is, was hy ook te klein vir 'n resiesperd. Howard sy eienaar, sê oor hom: "Soms, as die klein outjie nie weet dat hy klein is nie, kan die klein outjie wonderlike en groot dinge doen."*

*Lees die teks stadig deur. Lees dit hardop indien moontlik.*

*Hoe pas hierdie by jou ewe in?*

*Hoe pas hierdie in jou kind se lewe?*

*Wat kan julle as gesin uit hierdie storie neem?*

*Nehemia, soos Seabiscut, leer ons om ongeag ons swakhede voort te gaan om te doen wat van ons verwag word. Ons hand is immirs vasgeklem in die hand van die groot God. (Bybel 24/7)*

# 21 Emosies

Huiskerk
Quellerina Gemeente

# Simpatie

## Eksodus 34:6-7

*Die Latynse woord vir simpatie beteken letterli "om saam te pyn."*

*Wanneer iemand swaar kry, raak die persoon se swaarkry jou so intens dat dit jou eie swaarkry word.*

*Een van God se eienskappe is juis dit: Hy is die God met die sagte hart. Die simpatieke God wat nie wegkyk wanneer jy pyn nie, maar wat jou pyn saam met jou dra.*
*(Bybel 24/7)*

*Simpatie:*
*Die gom van verhoudings en fondasie van menswaardigheid. Om jouself in ander se skoene te plaas.*

*Lees die teks stadig deur. Lees dit hardop indien moontlik.*

*Hoe pas hierdie by jou ewe in?*

*Wat kan julle as gesin uit hierdie storie neem?*

*Watse emosies kom by jou op as jy hierdie teks lees?*

*Waarom beleef jy daardie emosies?*

Notas

Huiskerk
Quellerina Gemeente

21 Emosies

# Simpatie

Tot watter mate is jy simpatiek met ander? Is daar "grense" aan jou simpatie?

Wat sien jy raak van God se karakter in hierdie teksgedeelte?

Hoe het hierdie gebeurtenis van God se "sagte hart" teenoor Israel die geskiedenis verander?

Waar in jou lewe kort jy meer simpatie?

Waar in jou lewe kan jy meer simpatiek wees?

Leefkuns

Huiskerk

Quellerina Gemeente

# Balans

## 1 Timoteus 4:12

'n Gebalenseerde mens is iemand wat in ewewig leef. Dit is iemand wat nie net gee nie, maar ook kan ontvang.

Dis terselfdetyd  iemand wat nie altyd bakhand staan nie, maar net so gemaklik kan weggee.

Dit is iemand wat weet die wêreld bestaan uit "ons" en nie net uit "ek" nie.

Balans:

om nie te veel belangrikheid toe te ken aan een iets of persoon bo 'n ander nie.

Lees die teks stadig deur. Lees dit hardop indien moontlik.

Hoe pas hierdie by jou ewe in?

Wat kan julle as gesig uit hierdie storie neem?

Wat kan jy baat , sou jy meer balans in jou lewe handhaaf?

Alternatiewe definisies:

om in 'n standvastige posisie te wees  en nie oor te hel na die een of ander kant nie;

om regverdig te wees.

Huiskerk
Quellerina Gemeente

Leefkuns

# Balans

lees 1 Timoteus 4:12. Kyk na die opdrag in die vers.

Hoe kan jy meer balans kry in liefde?

Hoe kan jy weer balans kry in geloof?

Hoe gan jy meer balans kry in reinheid? (Gepaste grdrag/waardes)

Balans is nie iets wat met ouderdom kom nie. Dit is 'n kuns wat bemeester moet word en elke dag beoefen moet word. Dit is 'n doelbewuste, aktiewe ingesteldheid teenoor lewe.

Ontmoet vir..

Huiskerk

Quellerina Gemeente

# Isak

## Genesis 21

"My geboorte was 'n teken van God se betroubaarheid, en my lewe 'n getuienis van Sy genade.

Ek onthou die dag toe ek en my Pa die berg op is om 'n offer aan God te bring. Toe ek my pa daarop wys dat ons die lam by die tent vergeet het, het hy my bloot geantwoord dat God sal voorsien. Toe ek my kom kry was ek op die altaar - vasgebind en weerloos!

Daardie dag het God net betyds opgedaag en die alternatief op die tafel gesit.

Vandag glo ek in die God van my pa - want my pa het my gewys dat geloof geleef moet word, offers en al. "

-Bybel 24/7

Bid saam as gesin.

Lees die teks stadig deur. Lees dit hardop indien moontlik.

Deel wat hierdie verhaal al vir jou beteken het met hulle.

Wat kan jy vandag in hierdie verhaal leer oor God se karakter? Deel met mekaar.

**Isak:**

Vrou: Rebekka
Kinders: 2
Name: Jakob, Esau

Huiskerk
Quellerina Gemeente

Ontmoet vir...

# Isak

Hoeveel broers het Isak gehad?

Waarom het die Here Abraham beveel om Isak dood te maak? (Genesis 22:12)

Wat het Abraham verhinder om Isak dood te maak?
(Genesis 22: 11-12)

Abraham het beveel dat Isak nie moet trou met 'n: (Genesis 24: 3)

Hoe sou die dienaar van Abraham weet watter vrou Isak se vrou sou wees?
(Genesis 24:14)

Wat was die naam van Isak se vrou? (Genesis 24:67)

# Lysie van 5!

Huiskerk

Quellerina Gemeente

## vir as jy bang is

Vertrou op God, Hy is by jou!

-Jessaja 41:10-13

Jy het 'n hemelse Helper!

-Hebreërs 13:6

Wat kan mense tog aan jou doen?

-Romeine 8:31

God is oral by jou, om jou te beskerm

-Eksodus 13:17-22

Sê vir God hoe jy voel - Hy gee om vir jou!

- Fillipense 4:6-7

Bid saam as gesin.

Lees die teksgedeeltes stadig deur.

Leer met elke vinger 'n gewoonte en teks gedeelte.

Oefen tot jy al jou vingers kan onthou!